Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

26 Oktober 2014

OGGENDDIENS: Ds Piet

Skriflesing: Efesiërs 5: 1 - 17
Teks: Efesiërs 5: 15 - 17
Tema: Koop jou tyd terug van die wêreld en benut dit sinvol om God te dien.

Hierdie tyd van die jaar voel dit vir jou asof jy nie meer in beheer van jou tyd is nie. Dit voel asof jy deur die wêreld saamgesleur word in ‘n maalkolk van bedrywighede waar jy net so af en toe opkom om asem te haal. Dae en ure vloei ineen en jy voel asof alles buite beheer is.

Ons kan vir mekaar sê dat dit die normale verloop van die lewe is en dat ons geen keuse het nie. Ons kan sê dat die eise van die tyd dit van ons verwag en daarom gaan ons maar saam met die stroom.

Maar dit is nie wat die Here sê nie. Wie so redeneer is nie verstandig nie en laat toe dat die bose wêreld waarin ons leef jou tyd steel. Tyd is ‘n kosbare gawe van die Here wat ons moet beheers omdat ons kinders van God is en anders as die wêreld leef. Christus het vir ons ‘n lewe bewerk waarin ons in beheer van tyd kan wees en dit sinvol moet gebruik sodat ons lewe ‘n gawe en offer aan God kan wees wat Hom bly maak.

Daarom moet ons ons tyd van die wêreld terugkoop! En wanneer ek iets koop, betaal ek ‘n prys daarvoor. Die prys wat ek moet betaal is om te hou by die prioriteite wat God vir my lewe stel en nie die sinlose gejaag na baie dinge wat geen ewigheidswaarde het nie. Besluit vandag om jou lewe te verander en tyd te koop waarmee jy God sinvol kan dien.

Vooraf sang
Lied 255: 1, 2; Lied 448: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs), 4 (almal); Lied 207: 1

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 31-2: 6, 7; Votum; Seën; Lofsang Ps 104-1: 1, 12, 14, 20; Geloofsbelydenis uit NGB artikel 1

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Matteus 22: 36 - 40 as hoogste prioriteit van ons lewe; Sing Sb 9-3: 1; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps 90-2: 3, 4; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Bevestig oudl Herman Stavast; Sing Ps 134-1: 3 as seënbede vir Herman en vers 4 as slotgebed vir ons as gemeente; Seën; Amenlied Sb 13-2.

AANDDIENS: HERVORMINGSDIENS OM 19:00

GEREF KERK CACHET (NWU OUDITORIUM).
Prediker: ds Leo van Schaik.
Dit is sy laaste optrede hier in Potchefstroom by ‘n gesamentlike erediens voordat hy emeriteer.

MEELEWING

- Ina Jordaan (groep 38 - 082 375 7666) se heupvervanging het goed afgeloop.
- Anna Coetzer (groep 1) is ontslaan en sterk tuis aan.
- Hester Schutte (groep 1 - 082 925 6530) is terug by die huis na haar hospitaalbehandeling.
- Aneleh Schutte (groep 27 - 082 339 5547) word Dinsdag geopereer.
- Pieter Bredenkamp (groep 23 – 082 879 7507) ondergaan verdere mediese toetse weens ‘n virus-infeksie in sy rug.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

BAIE GELUK

- Kobus Venter en Anelle Strydom het verloof geraak. Baie geluk Kobus en Anelle, sowel as Ds Piet en Rieëtte met die spesiale gebeurtenis.
- Baie geluk aan Craig Leach wat as Hoërskool Ferdinand Postma se hoofseun aangewys is - ons is saam met jou ouers baie trots op jou!
- Baie geluk aan al die leerders van die verskillende skole wat prestasie-toekennings en leiersposisies ontvang het - weet dat ons op elkeen van julle se harde werk trots is.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Sr Sannie Reyneke, sr Filina Coetsee, sr Marianne Kruger, sr Bettie Ras, sr Janet vd Walt, br Mannetjie Viviers, sr Hester Buys, br en sr Fanie en Ria Bezuidenhout, sr Anna Coetzer en sr Melanie Terblanche

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir:
siekes@oosdoppers.co.za
Anna Smith (083 765 9813)
Walter Schutte (083 657 9369)

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie 23
Tee en Koffie
16:00 Kooroefening
19:00 Hervormingsdiens (Cachet - in die Ouditorium)

Maandag
18:00 Kersmark
18:30 Bedieningsdiensgroep
19:00 Gebed- en Ondersteuning

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:30 Ouderlinge gebedsgroep
19:00 Bediening na Buite diensgroep (Steynstr. 111)
19:00 Sustersamekoms

Woensdag
09:30 Geen Bybelstudie
17:00 Belydenisklas toets
19:00 Beginpunt (afsluiting)

Donderdag
18:00 Belydenisklas ondervraging

OPROEP OM SPESIALE BYDRAES VIR ONS INSTANDHOUDINGSFONDS (Skuurdak)

Vanweë toenemende waterskade in die Skuur se voorportaal en ons kombuis het die kerkraad noodgedwonge die onvoorsiene uitgawe moes aangaan om 'n deel van die Skuur se dak te laat herstel deur nuwe dakplate te lê. Die skade aan plafonne moet nog herstel word. Die koste hieraan verbonde beloop
R100 000.00.

In die lig van die feit dat ons begroting reeds onder druk is, vra die kerkraad of **elke belydende lidmaat** nie eenmalig
R 200.00 wil bydra om die koste te dek nie? Plaas jou bydrae in 'n koevert gemerk Instandhoudingsfonds (Skuurdak) in die kluis of kollektesakkies. Elektroniese bankoorbetalings kan ook gedoen word met die verwysing "Instandhoudingsfonds (Skuurdak)".

Ons sal op gereelde basis in die Dienelkander terugvoer gee oor hoe ons vorder om die bedrag in te samel en ons poog om die projek teen einde November af te handel.

Ons is dankbaar om bekend te maak dat daar alreeds ***R 30 135-00*** *deur lidmate bygedra is. Baie dankie aan almal wat reeds hulle bydrae gemaak het.* ***Ons is nou ongeveer by die 30 % merk van ons doelwit.***

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 26 Oktober

Sr Henna Beetge	082 870 3791
Sr Frieda Deysel	082 904 0746

Maandag, 27 Oktober

Br Pieter Lourens	072 113 4961
Sr Marthie Schutte	082 597 8589

Dinsdag, 28 Oktober

Sr Carine Basson	076 020 2316
Br Pieter de Villiers **(72)**	018 290 6064

Woensdag, 29 Oktober

Sr Myra du Plooy	079 025 0561
Sr Hantie Grobler	082 675 3893
Sr Karin Kruger	082 885 0004
Br Victor Myburgh	083 308 5142
Br Martin Scheppel	073 562 6678
Jsr Wilmari Wiggill	082 830 4953

Donderdag, 30 Oktober

Jsr Elizka de Bruyn	
Jbr Meyer Olivier	083 286 3242

Vrydag, 31 Oktober

Jbr Gerhard Turkstra	018 290 5566

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir die Teologiese studentekas.
- Gawe volgende Sondag vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by deure.
- Diensbeurte: Groep 42 & 43.

KENNISGEWINGBORD

- Frankfort Riviertoer: Woensdag 3 Desember - Sondag 7 Desember 2014:
  - Inskrywingsouderdom is hoërskoolkinders (ja ook skoolverlaters).
  - Inskrywingsfooie is R700 per kind.
  - Gereformeerde Kerk Frankfort - ds Ockie Struwig. Sel: 083 653 1989
- Gereformeerde Kerk Cachet - Eerstejaarskamp
- Interkerklike kuier onder die tema HallowHim as teëvoeter vir Halloween.

GESAMENTLIKE JEUG EN EREDIENS

Volgende Sondagaand, 2 November, is ons laaste geleentheid vir gesamentlike jeugbediening hier by ons. Die laerskooljeug kom om 17:45 bymekaar, terwyl die aanddiens om 18:00 begin. Ds. Karel gaan die erediens lei.

Die laerskool kinders se tema vir hierdie jaar is: “Die Kerk Werk Wêreld Wyd.” Ons kuier hierdie keer in Italië. Die tema vir ons laaste byeenkoms is: **God gaan altyd saam** en ons kyk verder na Paulus se wedervaringe terwyl hy die Goeie Boodskap verkondig. Ons gaan leer dat Paulus en Silas moed het om die evangelie te verkondig omdat hulle weet dat God altyd by hulle is.

Hoërskool jongmense, ons gaan hierdie keer saam met die volwassenes die erediens bywoon as deel van ons afsluiting. Dit begin om 18:00. Almal is welkom om na die erediens saam `n koppie koffie of tee in die Skuur te geniet.

KERSSANGAAND 30 NOVEMBER

Die gesamentlike kerssangdiens vind hierdie jaar by ons gemeente plaas op DV 30 November. Ons oefen **vandag om 16:00 in ons kerkgebou.** Almal wat kan sing, kom deel in die voorreg om saam te kan sing. Ons het julle almal nodig.
Huib van Hamburg (082 550 5493)

JEUG UITSTAPPIE: TREINRIT NA KLERKSDORP

‘n Treinrit word beplan na Klerksdorp op **Vrydagmiddag, 14 November**, as afsluiting van ons jeugaktiwiteite. Ons sal om 14:00 van die Stasie af vertrek. Kostes beloop R20 p/persoon. Gee jou naam asb by Marie Oosthuizen op / op die lys in die Skuur as jy belangstel. **Inskrywings sluit vandag!**

VOORBIDDING: BESOEK AAN SUID-SOEDAN

Ds. Malan van Rhyn vertrek DV Maandag 27 Oktober, in opdrag van die Deputate Ekumeniese Sake (buitelands), na Juba in Suid-Soedan. Sedert Desember 2013 het daar burgeroorlog in Suid-Soedan uitgebreek. Ds. Patrick Jok het laat weet dat verkeie lidmate in die geweld gesterf het, asook predikante en evangeliste. Ongeveer ’n miljoen mense is ontwortel en het alles verloor. Die lidmate van die Sudanese Reformed Churches (SRC), met wie ons kerklike eenheid het, het of na buurlande gevlug of woon tans in haglike omstandighede in vlugteling kampe. Geen oeste kon geplant word nie en hongersnood dreig.

Na ’n brief wat ds. Malan in samewerking met die Deputate vir Diakonale Sake aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

geskryf het, kon hulle ’n groot bedrag insamel om hierdie kerkverband, die SRC, en sy lidmate te ondersteun – R 174 000! Christ’s Children Foundation in Amerika het hiervan gehoor en die bedrag verdubbel! Hulle betaal ook ds. Malan se reis en verblyfkoste.

Hy gaan dus nou Suid-Soedan toe om soveel as moontlik van die lidmate in kampe te besoek en te bemoedig en so ons meelewing te betuig met hulle, asook om met die leierskap van die kerk te vergader en ’n plan op te stel hoe die fondse aangewend kan word om die nood te verlig. Ds. Malan keer DV Donderdag, 6 Nov, terug. U voorbidding vir ’n veilige en geseënde reis word gevra.
Dr. Douw Breed

DANKFEES

In die Gereformeerde Kerk
Potchefstroom-Die Bult
Saterdag 8 November 2014 19:00
Molen Kórus o.l.v. Kobus Venter en Lorette du Toit
Soliste: Janda Snyman en Henro Verhoef
Engelse Sanggroep o.l.v Marilda de Oliveira
Klavier: Elma de Kock
Orrelis: Annatjie Verhoef

PA- EN-SEUNKAMP

Baie dankie aan die Diakonie wat al die reëlings getref het en die geleentheid moontlik gemaak het.

Baie dankie aan al die lidmate wat hieraan deel gehad het, en die tyd saam met hul kinders geniet het!

BEROEPE NUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds R Jansen van Vuuren [Riaan] van Carolina/Hendrina–kombinasie na Bloemfontein-Suid.
- Ds DG Zwemstra [Dinant] van Bloempark na Boksburg-Suid.

BEROEPE BEDANK

- Ds GJ Erasmus [Gert] van Komatipoort na Phalaborwa.
- Ds W van den Heever [Werner] van Vryheid na Tsumeb.

GEBEDE VIR BEDIENING-NA-BUITE -DIE SAAIER-

Moldowa

Loof die Here vir sy beskerming en seëninge. Bid asb vir ons personeel en vir almal wat Bybels in ons land versprei. Bid ook vir politieke en ekonomiese stabiliteit in ons land.

Oekraïne

Dank die Here vir die werk en lewens van ons personeel en bid dat die Here hulle sal bewaar en beskerm. Bid asb vir ons land wat moeilike politieke tye beleef. Bid ook dat ons nuwe geleenthede vir bybelverspreiding sal kan benut.

PROJEKTE NUUS

Liewe Kinders

Ons hou ons muntlegging volgende **Sondag, 2 November!**

Ons vra kinders van voorskool tot en met matriek om solank silwer muntstukke bymekaar te maak vir ‘n groot muntlegging om ons jaar se katkisasie mee af te sluit!

Tydens die muntlegging dink ons spesifiek aan kinders wat deur kanker geraak word. Begin sommer vandag en maak solank silwer muntstukke bymekaar!

KERSMARK

Mooirivier Kersmark

Liewe Gemeente

Oor **minder as 4 weke** is dit ons jaarlikse Kersmark! Ons benodig nou u hulp en ondersteuning!

Daar is vanoggend **hulplyste in die Skuur**, waar u asb kan aandui waar u beskikbaar is om te help tydens die Kersmark.

Die Restourant het ook hulp vooraf nodig - kontak asb vir Alta v Zyl indien jy ook vooraf kan help met gaarmaak van vleis.

Verder benodig die Restourant nog **huishulpe** (ook een na 17:00 tot 20:00) - indien jy dalk jou huishulp vir ons kan ”borg” vir ‘n dag of twee, of ‘n paar uur per dag, laat weet asb vir Alta.

Indien daar van u is wat baie besig is en nie fisies kan help nie, is jy welkom om vir Ryan Bezuidenhout (082 464 6310) te kontak om dalk as **borg of donateur** op te tree.

Daar is ook vandag reeds **Vensterplakkate** beskikbaar in die Skuur. Lidmate kan van dit neem om in besighede se vensters op te sit om as advertensie vir ons Mark te dien. Nooi asb julle vriende en familie om ons Mark te kom ondersteun.

Baie dankie vir almal se ondersteuning met hierdie groot projek, dit word opreg waardeer!

Mooirivier Kersmarkkomitee

Susters

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien onder die leiding van Christa vd Walt (groep 15), Em Volschenk (groep 29) en Shantell Andersen (groep 30).
Baie dankie aan die groepsusters en hul groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas - so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

SUSTERSAMEKOMS

Hiermee word alle susters uitgenooi na ons laaste kwartaallikse sustersamekoms vir die jaar op **Dinsdag 28 Oktober 2014 om 19:00** by die skuur. Die tema behels ‘n kombinasie tussen een van die vyf vroue in Christus se geslagsregister naamlik Maria en Kersfees. Ds Piet gaan vir ons die tema inlei. Ons vra dat julle jul name sal opskryf op die lys in die portaal. Ons sien uit om die aand saam met almal te geniet. **Elke dame bring asb ‘n geskenkie van R30 saam om onder mekaar uit te ruil.**

POTCH SUSTERSAFSLUITING

Dit is vanjaar ons Oosdoppers se voorreg om die jaarlikse sustersafsluiting aan te bied vir al die Gereformeerde susters van Potchefstroom. Ons nooi een en elk uit na hierdie geleentheid op **Dinsdag, 4 November 2014 om 18:00.** Die tema is “Spys-en-Klank” en dit gaan ‘n aand vol kuier, musiek en heerlike kos wees. Ons kombineer hierdie geleentheid ook met die bekendstelling van ons resepteboek. Al die disse wat voorgesit word is resepte vanuit ons eie resepteboek. Bring dus ‘n geldjie saam indien julle ‘n kopie daarvan sou wou koop teen R60 per resepteboek. Alle winste gaan vir CANSA. Ons sien uit daarna om almal hier by ons te verwelkom en hierdie jaar so saam af te sluit. Ons vra dat julle weereens jul name op die besprekingslys sal aanbring indien jul die aand saam met ons wil kom geniet. Die getalle moet teen Maandag 27 Oktober 2014 bevestig word.

NAGMAAL-ETE

Die susters beplan om piekniekmandjies met ‘n ete vir 4 persone beskikbaar te stel vir die kwartaal se Nagmaal-ete op 16 November (mandjies vir 2 / 6 persone kan ook bestel word). Plaas asb solank jou naam op die besprekingslys in die portaal indien jy belangstel. Die koste beloop R35.00 per persoon. (Kinders onder 9 jaar betaal R20.00 per kind). Die fondse wat hierdeur geïn word sal vir die Jeugfonds aangewend word.

BELANGRIKE DATUMS DIE KWARTAAL

VIERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
28 Okt	**Dinsdag**	**19:00**	**Blok C**	**Sustersamekoms**
02-Nov	Sondag	19:00	Blok B	Gesamentlike jeug- en erediens Koffie, tee en sap
04-Nov	**Dinsdag**	**18:00**	**Almal**	**Potch Sustersafsluiting**
09-Nov	Sondag	09:00	Almal	Belydenisaflegging
09-Nov	Sondag	19:00	Blok B	Ouderlingevergadering - verversings
16-Nov	Sondag	12:00	Blok A	Nagmaalete
22-29 Nov	Sat - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark
30-Nov	Sondag	18:00	Almal	Kerssangdiens

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!